Greater Cederberg Fire Protection Association

NUUSBRIEF/NEWSLETTER

Voorwoord

As Voorsitter van die GCBBV is dit weereens vir my ‘n voorreg om die voorwoord vir ons nuusbrief aan te voer.

Graag wil ek my dank uitspreek aan al ons lede wat ons getrou bystaan en ondersteun. Sonder jul bydrae en samewerking sal hierdie vereniging nie so ‘n groot sukses wees nie.

Ek wil ook my dank uitspreek aan ons kantoorpersoneel op Porterville vir al die harde werk wat daar agter die skerms gedoen word om te verseker dat die bestuur van hierdie vereniging glad verloop en dat lede al hul inligting ontvang en op hoogte gehou word van nuwe inligting en verwikkelinge binne ons vereniging.

Soos u almal reeds bewus is, staan ons aan die begin van ‘n nuwe somerseisoen. Te oordeel aan wat alreeds in die Suid-Kaap gebeur het, wil dit voorkom of dit nog ‘n besige seisoen gaan wees wat voorlê. Die enigste manier hoe ons kan voorkom dat ons in die Weskus Distrik nie dieselfde beleef as wat tans in die Suid-Kaap gebeur nie, is deur die daadwerklike toepassing van geïntegreerde brandbestuur. Dit wil sê dat ons almal saam sal moet handevat om te verseker dat skade aan eiendom, boorde en gewasse tot die minimum beperk sal word asook die voorkoming van enige lewensverliese.

Geïntegreerde brandbestuur begin by elkeen van ons lede wat moet verseker dat daar uitvoering gegee word aan die bestuursplanne wat vir elke lid ontwikkel is. Daar is nog tyd om die nodige te doen om seker te maak dat eiendomme en boorde veilig gemaak kan word om te verhoed dat enige veldbrande wat kan ontstaan nie by u eiendom kan uitkom en skade veroorsaak nie. Maak ook seker dat u eiendom toeganklik is vir brandweervoertuie en verseker dat waterpunte te alle tye bereikbaar en in ‘n werkende toestand is.

Indien u weg gaan vir die feestyd, maak seker dat iemand omsien na u eiendom, dat die persoon/e in besit is van noodnommers en dat daar toegang tot u eiendom sal wees indien brandbestryding moet plaasvind.

Ek wil net weereens almal wat deel uitmaak van hierdie vereniging, lede en bestuur, bedank vir hul bydraes. Graag wens ek ‘n ieder en elk ‘n vreugdevolle feestyd toe, reis veilig.

Bertus Senekal

Hallo alle lede,

Soos Bertus tereg meld, word ‘n redelik intensiewe brandseisoen voorspel. Derhalwe versoek ek alle lede om ten alle tye gereed te wees om brande te bestry. Die belangrikste aspek is om so vinnig as moontlik die brande aan te meld by die onderskeie Brandbeheer sentrums terwyl u personeel aktief die brande bestry. Die WhatsApp groepe wat ook gestig is, is ‘n goeie bron van kommunikasie wanneer brande wel ontstaan. Verder versoek ek almal om ook die nodige voorbereidings te tref ten einde skade te beperk en om u toerusting ten alle tye gereed en diensbaar te hou. In geval van brande bly kalm, kommunikeer duidelik aan die Brandbeheer sentrum en beveg die vuur aggressief maar veiligheid van uself en u personeel is van kardinale belang.

Groete,

Charl du Plessis

Inhoud

- Lugondersteuning
- WoF Produksie
- Emergency Evacuation Plan
- Voorspelling van komende brandseisoen
- Fire behaviour Triangle

WoF Produksie

WoF Produksie

Die Porterville en Vredenburg Working on Fire spanne was werksaam by verskeie produksie projekte, wat met groot sukses voltooi is.

Eiendomme in die Bestuureenhede van Groot-Winterhoek, Aurora, Kapteinskloof, Piket-Bo-Berg, Porterville en die Hopefield Windplaas is gehelp.

Ongeveer 210 ha brandbane en ± 60ha beheerde brande is voltooi. Die spanne lewer werk van 'n hoë gehalte en verseker dat hoë brand gevaar risiko's verminder word. Die help ook grondeienaars om te voldoen aan die Brandwet.

Skakel gerus die GCBBV kantoor indien u wil gebruik maak van die WoF spanne wat help om u risiko's te verminder. U eie personeel kan dan aangaan met hul daaglikse aktiwiteite op u eiendom.

Lugondersteuning

Koördineering van Lugondersteuning sal weereens deel vorm van dienste gelewer aan grondeienaars gedurende die 2018/2019 brandseisoen.

MOU vorms vir aanvra en gebruik van die lugondersteuning sal aan lede gestuur word vir ondertekening sodra die nuutste vorm aan die GCBBV gestuur word.

Lees asseblief die vorm noukeurig deur sodat u duidelik bewus is van die reëls en regulasies rondom die gebruik en betaling van die dienste.

Kontak gerus die GCBBV kantoor indien u enige navrae het.

Kontak nommers vir Raportering van brande:

Contact numbers for reporting fires:

- **West Coast DM 022 433 8700**
- **Namakwa DM 027 341 8132**
- **Cape Winelands 021 887 4446**
- **Porterville Dispatch 060 961 4215**

EMERGENCY RESPONSE

Emergency Evacuation Plan

Source: Suiderkruis Sekuriteit I George Herold,

29 October 2018

* Pre– arrange a travel plan and potential accommodation with family and friends;
* Remember time is of essence. Plan well before hand so that you are not caught unprepared in a mass emergency evacuation;
* You have a limited time to evacuate, and there will be NO TIME to WASTE OR PANIC;
* It is also advisable to ensure that trustworthy persons or institutions have copies of you “Life Documents” off-site;
* If you have time to photograph the interior and exterior of your residence for insurance purposes, will make it easier afterwards.

Pack the following for your Emergency Grab Bag

- ID’s, Passports and Birth Certificates;
- Insurances Papers;
- Policies and Personal Documents;
- Clothing for one week;
- Toiletries;
- Medication;
- Pet food and Leashes (if applicable);
- Memories (Pictures, hard drives, family keepsakes);
- Sentimental items (jewelery and photo albums);
- Phone Chargers;
- Sleeping bags;
- Non perishable food and drinking water and
- Fire Arms (if applicable).

Meer lewensgevaarlike brande word in die Wes-Kaap voorspel

Ten spyte van intense voorbereiding, verwag die Brandweer– en Rampbestuurdepartemente 'n moeilike brandseisoen en selfs lewensgevaarlike brande. Die afgelope brand in die George gebied waar meer as 92 000ha gebrand het en waar 8 mense hulle lewens verloor het, is vars in almal se geheue.

Mnr. Anton Bredell, die Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning, het die publiek versoek om waaksaam te wees om brande te voorkom.

Die Wes-Kaapse Hoofdirekteur: Rampbestuur en Brandweerdienste, Mnr.Colin Deiner, het gesê "bykomende uitdagings sal altyd toeneem met die aantal brande wat ontstaan namate temperature verhoog. Die informele nedersettings is 'n groot uitdaging en dit sal vir ons moeilik wees om te bestuur, maar ons beoog om ons hulpbronne te verdubbel in die somer en om spesialis grondspanne op kontrak basis te gebruik".

"Ons het 'n geïntegreerde brandbeheer sisteem en dit voeg almal saam wat met veldbrande te doen het, bv. Cape Nature, SANParke, Working on Fire, BBV's en ander vennote. Ons sluit hierby ook die Suid-Afrikaanse Weermag in. Ons het n stelsel wat al hierdie hulpbronne onder een bevelvoerder plaas wanneer ons n groot vuur het, en as ons dit nie gehad het nie, sal ons in baie groot moeilikheid gewees het. Dit staan bekend as die Insident Bevel Sisteem (ICS).

Source: Weekend Argus I 28 Oktober 2018

HOW YOU CAN INFLUENCE FIRE BEHAVIOUR ?



Elements of the Fire Triangle

- **Fuel:** (what is burning) e.g. indigenous plants, invasive alien plants and other material (this is the **only component of the triangle that can be changed by human intervention)**;
- **Weather:** heat, wind, rain and humidity (**this can not be changed** by human influence);
- **Topography:** slope, aspect, relief and position of a mountain (**this can not be changed** by human influence) .

Effective fuel load reduction is the only management tool available to ensure wildfire readiness, asset protection and to minimize wildfire risk.

Contact Us

Give us a call for more information about our services and products.

Greater Cederberg FPA
1 Voortrekker Street
Porterville

(022) 931 2083

admin@cederbergfpa.co.za

Visit our website at
www.cederbergfpa.co.za

Visit us on Facebook at
Greater Cederberg Fire Protection Association